



NATIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
VOORBEELDVRAESTEL 2008

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1

- 1.1 'n Fluweelbaadjie (1)
- 1.2 'n Sweetpaktop (1)
- 1.3 Almal sal altyd denims dra / dit is al vir dekades in die mode / niemand sal ooit moeg raak vir denims nie / die groot verskeidenheid style en snitte sal altyd weer in die mode kom. (2)
- 1.4 Dit beklemtoon 'n man se boude. (1)
- 1.5 Denims het nie onderhoud nodig nie / hoef nie gestryk te word nie / kan net gewas word en opgehang word. (1)
- 1.6 1.6.1 Elke snit / soort denim sal weer in die toekoms in die mode wees. (1)
- 1.6.2 'n Mens moet nooit jou ou denims weggooi nie. / Op een of ander stadium sal dit weer in die mode wees. (1)
- 1.7 Die gewildste / populêrste / mees modieuse / hoogmode (1)
- 1.8 Sy moet 'n denim gaan aanpas. Sy sal dalk baie verras wees. (1)
- [10]**

VRAAG 2

- 2.1 'Ervare' (1)
- 2.2 2.2.1 Hulle dink dit is sý skuld dat sy leerders dit doen, want hy is veronderstel om hulle te leer hoe om te bestuur. (1)
- 2.2.2 Hulle moes ook op 'n stadium geleer het hoe om te bestuur. (1)
- 2.3 Hulle is senuweeagtig / onseker wat om te doen. (1)
- 2.4 Dit is die plek waar die leerders getoets word vir hul bestuursvernuf. / waar hulle die fyner tegnieke van bestuur leer. (1)
- 2.5 2.5.1 Hy het agteruit weggetrek. (1)
- 2.5.2 'stink spoed' (1)
- 2.6 Hulle vra vrae waarvan die antwoord vanselfsprekend / voor-die-hand-liggend is. (1)
- 2.7 'Party mense leer vinnig, party stadig **en ander nooit nie.**' / 'en dan **dop** hulle nog steeds' (1)
- 2.8 Hy het al 'n doofstom persoon en 'n Chinees wat nie Engels kon verstaan nie met gebaretaal leer bestuur. (1)
- [10]**

VRAAG 3

- 3.1 C (1)
- 3.2 Hy ry met 'n skaatsplank. (1)
- 3.3 Hulle is almal onsteld / kwaad / ontevrede / aggressief. (1)
- 3.4 Hulle kan nie glo dat kinders hul ouers kan verkla oor 'n pak slaë nie. (1)
- 3.5 Hy wonder waarom hulle daar is / wat soek hulle daar? (1)
- 3.6 Hy wil die merke op sy boude wys waar sy pa hom geslaan het. (1)
- 3.7 Die kind / persoon aan die ander kant skree waarskynlik. (1)
- 3.8 3.8.1 Hy het met die motor in die swembad ingery. (1)
- 3.8.2 Enige paslike antwoord wat sin maak. Taal tel 1 punt. (2)
- [10]**

30 punte

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4

Nasienmetode:

- Feite nie genommer nie -1
- Meer as een feit per nommer -1
- Feit strek oor twee punte -1
- Te lank / te kort -1
- Geen woordtelling aan einde gegee nie -1
- Taalfoute -2 ($4 \times \frac{1}{2}$)
- Verkeerde feite -1

Foutiewe spelling word nie geenaliseer nie.

Dieselfde taalfout word net een maal geenaliseer (maksimum 4 foute word geenaliseer).

Taalfoute in verkeerde feite word nie geenaliseer nie.

'n en die word nie by woordtelling ingesluit nie.

1. 'n Chinese meisie is in 1943 tydens die Tweede Wêreldoorlog deur 'n Japannese soldaat geskiet terwyl sy vir haar pa en sy kollegas aandete gevat het.
2. Japannese soldate het haar gevolg en haar deur die hoek van haar regteroor geskiet en toe het sy haar bewussyn verloor.
3. Die koeël het spoed verloor omdat dit eers deur 'n ander persoon se arm gegaan het.
4. Haar ma het haar wond met kruie behandel en sy was na drie maande gesond.
5. As ou vrou het sy hospitaal toe gegaan vir 'n x-straalfoto omdat sy met hoofpyn gesukkel het.
6. Die chirurg wat die koeël verwyder het, kon nie glo dat daar nie probleme was nie.
7. Die koeël was in 'n deel van haar brein wat nie kritiek belangrik is nie.

10 punte

AFDELING C POËSIE

VRAAG 5

- 5.1 5.1.1 Hulle het die mans vasgevang (verewig) in die foto's / die kruis wat deur die kameralens sigbaar is, het op hulle gefokus / hulle word onskuldige slagoffers van mediasensasie. (1)
- 5.1.2 Die een man val reeds en die ander man maak gereed om te spring. (1)
- 5.1.3 wanhoop (1)
- 5.1.4 Die fotograaf het ook 'n foto geneem waar die man deur die lug trek. (1)
- 5.2 Daardie foto het enkele maande later 'foto van die jaar' geword. (1)
- 5.3 5.3.1 'n Uitroepteken, skinker en bakker van die lewe, 'n engel. (2)
- 5.3.2 Uitroepteken – hy duik fisies met sy kop na onder soos 'n uitroepteken, of dit beklemtoon die gebeure van daardie dag.
Skinker en bakker – die bakker in die Bybel is dood en die skinker het bly lewe; net so is die man dood, maar sy nagedagtenis bly voortleef.
Engel – hy was onskuldig en soos 'n engel wat uit die hemel neergeval het, 'n gevalle engel. (1)
- 5.3.3 'n Dassie en 'n arend. (2)
- 5.3.4 Hy het soos 'n dassie op 'n krans bo-op die gebou gesit en wag voordat hy gespring het / Hy het soos 'n arend deur die lug gevlieg op pad grond toe. (1)
- 5.4 Hy wou wegvlug van sy omstandighede. (1)
- 5.5 Dit beskryf / beklemtoon hoe hy al verder na onder val. (1)
- 5.6 'Veel vraagtekens volg' (1)
- 5.7 5.7.1 Johannesburg, Suid-Afrika. (1)
- 5.7.2 Die foto het in *Beeld* verskyn. / Die subtitel dui dit aan. (1)
- 5.8 Armageddon (1)
- 5.9 Die een was baie hoog en aan die brand / dit was 'n kantoorgebou, die ander een was net sewe verdiepings hoog / dit was 'n woonstelgebou. (2)
- 5.10 Die mense wat hom aangemoedig het om te spring. (1)

[20]

VRAAG 6

- 6.1 Aangesien die skaatser en alles wat in die nag beskryf word jonk, soepel en vars is. Sy geniet alles wat sy gedurende die nag doen. Sy is jonk en gesond. (1)
- 6.2 Olimpiese skaatsbaan (1)
- 6.3 Sodat sy makliker kan beweeg / sodat daar niks is wat haar bewegings beperk nie / om haar pragtige bene te beklemtoon. (1)
- 6.4 'na die verste punt van die reuse-baan' (1)
- 6.5 Sy maak sirkelbewegings in haar roetine.
Haar skaatse graveer sirkelpatrone in die ys in. (2)
- 6.6 In strofe 1 gly sy gewigloos oor die ys, maar in strofe 3 vlieg sy amper deur die lug – sy beweeg dus baie vinniger. (1)
- 6.7 'Dan' (1)
- 6.8 'swaartekrag' (1)
- 6.9 Sy is bewus van haar gewig en hoe moeilik dit nou is om te beweeg. (1)
- [10]**

30 punte

AFDELING C KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 7 SINSTRUKTURE

- 7.1 In die verlede **het Blake elke oggend vroeg opgestaan** (½) **en sy tande geborsel.** (½) (1)
- 7.2 Wanneer **hy in die spitsverkeer werk toe ry, is dit nog donker.** (1)
- 7.3 Later vanoggend **sal hy sy rekenaar aanskakel** (½) **en (hy sal) hom gereedmaak** (½) **om met sy werk te begin.** (1)
- 7.4 Tussen sy tweede en derde koppie koffie eet hy skyfies en hy behoort **die toilet te besoek.** (1)
- 7.5 Net na Blake se derde koppie koffie het hy 'n belangrike voorlegging waarmee **die mense baie tevrede lyk.** (1)
- 7.6 Hy gaan gou weer toilet en vra sy sekretaresse beleefd of **sy vir hom nog 'n koppie koffie sal maak.** (1)
- 7.7 Blake speel gedurende etenstyd 'n potjie mini-golf sodat **hy kan ontspan / dit hom kan laat ontspan.** (1)
- 7.8 Nee, **Blake se baas het nog nie by sy kantoor ingeloop sonder om te klop nie.** (1)
- 7.9 Voordat **Blake sy volgende voorlegging begin beplan** (½), **skuif hy gou agter sy lessenaar in.** (½) (1)
- 7.10 Die spitsverkeer waarin **Blake op pad huis toe is** (½), **is baie druk.** (½) (1)
- 7.11 Die televisiestel **word onmiddellik deur Blake aangeskakel om tussen die kanale rond te spring.** (1)
- 7.12 Nadat **hy sy tande geborsel het** (½), **gaan hy bed toe.** (½) (1)
- [12]

VRAAG 8 WOORDSTRUKTURE

- 8.1 hardwerkende (1)
- 8.2 wat (1)
- 8.3 soggens (1)
- 8.4 geparkeerde (1)
- 8.5 motorhuis (1)
- 8.6 bure (1)

- 8.7 sekuriteitswag (1)
- 8.8 gekaap (1)
- 8.9 paaie (1)
- 8.10 Somtyds / partykeer / partymaal (1)
- 8.11 smoorkwaad (1)
- 8.12 taxi's (1)
- 8.13 Met behulp van (1)
- 8.14 ergste (1)
- 8.15 klere (1)
- 8.16 pilletjie (1)
- 8.17 kalmeer (1)
- 8.18 sekretaris (1)
- 8.19 gebroke (1)
- 8.20 halfses (1)
- [20 ÷ 2 = 10]

VRAAG 9 KOMMUNIKASIE-SITUASIES

- 9.1 Taal = 2; Inhoud = 2

Bv. Jou motor se remme het ingege. Ek is baie jammer dat ek jou motor gestamp het.
Ek belowe ek sal vir al die skade betaal. (4)

- 9.2 Taal = 2; Inhoud = 2

Bv. Jy moet vir die res van jou lewe vir hom kos maak. Jy moet al sy wasgoed was en
sy klere optel, en onthou: Jy mag nooit kla nie! (4)

[8]

30 punte

TOTAAL VIR HIERDIE VRAESTEL: 100 PUNTE